



PostNet Suite 119  
 Privaatsak X 1288  
 Potchefstroom  
 2520

Faks: 086 572 3509  
 Tel: 018 290 7690  
 Kantoorure: 8:00-13:00  
 Sel: 082 532 8658  
 Adèle Delpont

E-pos: [kerkkantoor@oosdoppers.co.za](mailto:kerkkantoor@oosdoppers.co.za)  
 Webblad: [www.mooirivierkersmark.co.za](http://www.mooirivierkersmark.co.za)

Februarie 2018

Beste Uitstaller

Welkom by Mooirivier Kersmark in Potchefstroom! Die mark sal plaasvind vanaf Vrydag 30 November tot Saterdag 8 Desember 2018 by die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos (Rocherstr. 75, Bailliepark). **Gesluit op Sondag 2 Desember 2018.**

### Program:

**Donderdag 29 November:**

**10:00 Opening en verwelkoming** (uitstallers en komiteelede)  
 8:30 tot 18:00 Uitpak van artikels

**Markdae:** 30 Nov. – 8 Des. 09:00 tot 20:00 (Gesluit Sondag 2 Desember)

**Saterdag 8 Desember 09:00 tot 16:00**

Oppak van artikels 16:30 tot 18:00

### 1. Keuring

- Alle artikels wat tydens die mark verkoop word, is onderhewig aan keuring.
- Voltooi asseblief die registrasievorm en stuur so spoedig moontlik terug.
- Sluitingsdatum vir aansoek om keuring is 12 Julie (vir 1e keuring) en 19 Julie (vir 2e keuring).
- Keuring van u artikels sal plaasvind vanaf 9:00 op Saterdag **14 Julie 2018 of 21 Julie 2018** by die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos te Rocherstraat 75 Bailliepark, Potchefstroom.
- **Pryse van die artikels moet tydens die keuring op die artikels verskyn.**
- Artikels sonder pryse kan nie gekeur word nie.
- Pak asseblief betyds uit, aangesien die keuring stiptelik op die tye gaan begin wat aan u deurgegee sal word.
- Indien u nie self teenwoordig kan wees nie, moet u reël dat iemand vir u instaan.
- 'n Voorbeeld van die stalletjies sal tydens die keuringsdag beskikbaar wees.
- Koffie en tee sal tydens die keuringsdag gratis aangebied word.
- U sal vóór of op **8 Augustus 2018** in kennis gestel word of u artikels vir die mark gekeur is al dan nie.
- **Vir enige navrae i.v.m. keuring, skakel Rieëtte Venter by 082 898 4197.**



- Voorsien self 'n tafeldoek wat die hele tafel en tafelpote bedek.
- Die uitpak en tentoonstelling van artikels asook die versiering van u uitstalruimte is u eie verantwoordelikheid. Bring dus u eie staanders, uitstalkassies, esels, kleurvolle materiaal om dit te bedek/versier, spelde en haakspelde, blomme of wat u ook al benodig om u stalletjie te versier.  
Maak gebruik van s-hake om items op te hang. Bring u eie hakies saam.
- **U stalletjie moet asseblief deur 'n keuringsbeampte van Mooirivier Kersmark afgeteken word voordat u ry!**
- Daar word van u verwag om **genoeg artikels** vir die duur van die mark beskikbaar te hê. Dit wat nie bo-op uitgestal word nie, kom onder die tafel. U sal in kennis gestel word indien u voorraad aangevul moet word. **Indien u nie voorraad kan aanvul nie, sal u gepeenaliseer word deur 'n verhoogde kommissie van 20% te betaal op u totale verkope en die oop ruimte sal vir ander uitstallers se artikels gebruik word.**
- **ONTHOU:** Slegs gekeurde en gemerkte artikels mag uitgepak word. Die Kersmarkkomitee behou hulle die reg voor om ongekeurde artikels van die tafels te verwyder.
- Indien u beligting benodig, moet u gebruik maak van **energiebesparingsgloeilampe** en geen *spotlights* word toegelaat nie. Dui asseblief duidelik op u registrasievorm aan indien u 'n kragpunt wil hê.
- Die bestuur sal elke oggend ekstra items van onder u tafel uitpak om u stalletjie vol te hou. Indien u self daaglik die voorraad aanvul, moet dit asseblief **vóór 9 uur in die oggend** wees.
- **UITPAK NAMENS UITSTALLERS:**  
Indien ons namens 'n uitstaller die stalletjie op Donderdag 23 November moet uitpak en versier, sal ons **DUBBELKOSTE** vir die stalletjie hef. Alle artikels moet egter reeds gemerk wees – ons merk nie artikels nie!

## 5. Sekuriteit

- Die kerk kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade wat u as uitstaller mag ly nie. U word daarom versoek om die vrywaringsdeel op die registrasievorm te voltooi.
- Sekuriteit word vanaf toemaaktyd saans tot oopmaaktyd soggens gereël.
- Bedags word sekuriteitsdiens deur komiteede en beamptes gedoen, asook deur 'n sekuriteitsmaatskappy.
- Indien u juwele uitstal, word van u verwag om u stalletjie te alle **tye self (of deur u verteenwoordiger) te beman** ter wille van sekuriteit. Verkope sal soos volg hanteer word: Skaf 'n duplikaatfaktuurboek aan. Wanneer 'n kliënt by u juwele koop, reik u 'n faktuur met die bedrae in duplikaat uit en plak die strepieskoderingsplakker op die faktuur. Maak die juwele in 'n pakkie op met die kliënt se naam daarop. Die juwele word in 'n mandjie gesit en met 'n kabelbinder (*cabletie*) vasgemaak. Dit word by die betaalpunt gesny voor betaling. Die mandjie kom dan terug na die juwelestalletjies. Ons voorsien aan u die mandjies.

## 6. Strepieskodering

Die Mooirivier Kersmark maak van 'n strepieskoderingstelsel gebruik. Op elke artikel moet 'n strepieskoderingsplakker geplak word. Saam met u uitstalnommer sal u 'n Voorraadlysvorm ontvang wat u moet voltooi en **so gou moontlik**, maar nie later nie as **5 Oktober 2018**, aan ons terugstuur. Plakkers kan voor die aanvang van die mark alreeds aan u gepos word. **Posgeld sal van u verhaal word.**

Tydens die mark kan **nuwe plakkers bestel** word deur aan die einde van elke dag 'n Voorraadlysvorm te voltooi en by die Inligtingstonbank in te handig. Die plakkers sal dan die volgende oggend beskikbaar wees.

## 7. Sentrale betaalpunt

- Daar sal sentrale betaalpunte by die uitgang wees.
- Die publiek kan per kredietkaart, debietkaart, bankgewaarborgde tjek of kontant betaal.

## 8. Reklame/Bemarring

- Goeie bemarring en reklame word gedoen – dit sluit in radio, tydskrifte, straatplakkate en strooibiljette.
- Ons sukses hang ook van u aandeel af. Vertel almal van ons mark!
- Skakel Kiewiet Scheppel by 083 274 8931 vir enige verdere hulp of voorstelle m.b.t. bemarring.

## 9. Uitbetaling

- U geld gaan direk in u bankrekening inbetaal word.
- Voorsien asseblief u bankbesonderhede korrek en volledig. 'n Amptelike bevestiging van u bankbesonderhede word ook verlang, byvoorbeeld deur 'n gekanselleerde tjek / bankstaat.
- Dit bly uitsluitlik u verantwoordelikheid om toe te sien dat ons die volledige en korrekte inligting het.
- U geld behoort teen **15 Desember 2018**
- aan u uitbetaal te word. Gee ons asseblief geleentheid om hierdie taak ook so spoedig as moontlik af te handel. U begrip in hierdie verband word waardeer.

## 10. Verversings

Ligte etes en ander verversings sal te koop in ons restaurant aangebied word.

## 11. Opruim

- Die mark eindig Saterdag 8 Desember om **16:00**. U (of die persoon met wie u gereël het) moet om **16:10** in die kerk wees vir die amptelike afsluiting ( $\pm 20$  minute) waarna u mag begin oppak. U mag onder geen omstandighede begin opruim voor die amptelike afsluiting nie.
- Die lokaal moet dieselfde aand nog ontruim word. U het tyd tot **18:00** om u artikels op te pak.

Ons sien uit daarna om u te ontvang! Ons vra u voorbidding vir 'n geseënde Mooirivier Kersmark 2018.

Vriendelike groete

KERSMARKKOMITEE

Navrae: Rieëtte Venter 082 898 4197 of Adèle Delpont 082 532 8658

